

El Niño-weerstelsel besig om te versterk



Foto erkenning: Nico van Burick

Volgens berigte noem 'n klimatoloog van Santam Landbou, mnr Johan van den Berg dat die weervoorspellings aantoon dat die kans van 50% tot meer as 60% gestyg het op die ontwikkeling van 'n El Niño-weerstelsel in die komende somer. Hierdie stelsel word gekenmerk deur vroeë reën in die seisoen wat die moontlikheid skep van 'n midsomerdroogte. Die ontwikkeling daarvan sal in die volgende twee maande bepaal kan word.

Verder noem hy ook dat die El Niño weer-toestande die winterreëngedebied gunstig kan beïnvloed in 2019 en 2020. As gevolg van die laat reën wat die afgelope somer voorge-

kom het kan dit in die produksietoestande se guns tel in die begin van die komende somer. Steeds word daar 'n goeie kans op reën voorspel in die winterreënstreek. Volgens verdere berigte van die Graan SA, lui dit dat sojabone en mielies reeds grotendeels klaar gestroop is, alhoewel die stroop van mielies in die Oos-Vrystaat vertraag is deur die nat toestande. Baie boere wag nog vir die mielies om droog te word. Sonneblomme is ook byna klaar gestroop. Boere noem dat die laat sonneblomaanplantings beter gevaar het hierdie jaar as wat dit vroeër geplant is. Daar word wel 'n gemiddelde mielie-opbrengs in dele van die Vrystaat verwag.

Susesvolle veiling aangebied

Langlyf en Nonnie Tuli Stoetery

Op Dinsdag 5 Junie 2018 het BKB Louwid die produksieveiling van Langlyf en Nonnie Tuli Stoetery aangebied op die plaas Avoca Reitz. Die genetika van die diere was puik.

Die duurste bul is verkoop aan Impact Plus Trading van Boshof vir 'n rekord prys van R200 000. Die gemiddeld van die bulle was R52 750 vir 18 bulle.

Die duurste koeie is onderskeidelik aan Cat Valley Properties en Donkerhoek

boerdery verkoop vir R31 000.

36 Koeie is verkoop vir 'n gemiddeld van R14 204.

Die duurste vers is deur Gouwsberg Tuli stoet by Bronkhorstspruit gekoop vir R22 000.

Daar is 32 verse verkoop vir 'n gemiddeld van R11 400.

Die diere is opgeveil deur mnr. Jan Mostert wat die afslaer was en die veiling is aangebied deur BKB Louwid Vereniging.

Openbare nie-winsogmerk organisasies moet nou optree

Instansies soos ouetehuse, welsyns-, kulturele-, sport- en ander nie-winsbejag organisasies moet kennis neem dat hulle volgens munisipale belastingwette verplig is om erfbelasting te betaal, maar wel ook kan aansoek doen vir kortings ten aansien van betaling daarvan. Skriftelike aansoeke moet egter voor 31 Augustus 2018 by die munisipaliteit ingedien word om in aanmerking te kom vir kortings vir die finansiële jaar wat op 1 Julie 2018 begin het.

Aansoekvorms is by munisipale kantore en by die kantoor van VF Plus Raadslid Phillip van der Merwe beskikbaar en instan-


sies wat hulp met aansoeke benodig is welkom om Raadslid Phillip van der Merwe te kontak by 058 852 2041. Applikante moet verkieslik hul aansoeke in duplikaat voorberei en 'n afskrif deur die munisipaliteit laat stempel wanneer dit ingedien word as bewys van ontvangs daarvan. Applikante moet beskik oor 'n sertifikaat van die SAID wat bevestig dat die instansie al daar geregistreer is vir vrystelling van betaling van inkomstebelasting voordat die instansie vir korting op erfbelasting sal kwalifiseer. 'n Afskrif van die belastingvrystellingsertifikaat moet by die aansoek aangeheg word.

		1				7		
	2					3	9	
8					6			
					5		4	8
					8	2		
		4	3	7		1		
3	4			5	7		2	
	9		2			6		7
			6				3	

SUDOKU

Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

Heilbron Herald **BRANDING SPECIAL**
Valid Untill 19 July 2018
058 852 3033 | heraldgraphics2@heilbron.co.za



INDOOR Combo

- 2x Deluxe Pull-up Banners
- 2x Pop-up Banner (1.5m x 0.7m)
- 2x Director Chairs
- 1x Foldable Table (1.8m x 750mm)
- 1x Table Cloth (1.4m x 2.4m)

For Only R 6,106
excl VAT



OUTDOOR Combo

- 1x Standard Steel Gazebo (3m x 3m)
- 3x Pop-up Banner (1.5m x 0.7m)
- 4x Singlesided Curve Banners (3m)
- 1x Foldable Table (1.8m x 750mm)
- 1x Table Cloth (1.4m x 2.4m)
- 4x Director Chairs

For Only R 12,987
excl VAT

GAZEBO SPECIAL

1x Standard Steel Gazebo (3m x 3m)

For Only R 3,895
excl VAT

BANNER WALL SPECIAL

1x Banner Wall (2.25m x 2.25m)

For Only R 3,055
excl VAT

ALL PRICES INCLUDE FULL COLOUR PRINT
PRICES EXCLUDES VAT AND DESIGN COST